

## **Berei verpleegkundiges van môre voor om mensgesentreerde sorg te lewer**

**Amelia Grootboom-Nzesseu\***

Internasionale Verpleegkundigedag, wat elke jaar op 12 Mei gevier word, benadruk die belangrike rol wat verpleegkundiges in die lewering van gesondheidsorg van gehalte wêreldwyd lewer. Maar agter hulle toewyding en deernis skuil 'n klomp uitdagings wat dikwels ongemerkt verbygaan – veral in die geval van verpleegkundiges in opleiding. Ondanks die wêreldwye verskuiwing na mensgesentreerde sorg (MGS) – 'n benadering wat die behoeftes, voorkeure en waardes van pasiënte prioritiseer – ervaar verpleegkundestudente beduidende struikelblokke wanneer hulle hierdie beginsels in werklike gesondheidsorgomgewings wil implementeer.

In my onlangse meestersgraadstudie het ek die daaglikse ervarings ondersoek van finalejaarstudente wat MGS lewer en gevind dat ofskoon hulle die belangrikheid daarvan verstaan, hulle dikwels deur sistemiese, institusionele en kommunikasiehindernisse beperk word. Dit sluit in toesighoudende verpleegkundiges wat ontoereikende rolmodelle is, taalhindernisse (veral wanneer Afrikaans in dokumentasie of gesondheidsorgkommunikasie gebruik word), en 'n hiërargiese magsdynamika wat studente se stemme uitdoof.

### **Leierskap**

Studente gedy wanneer toesighoudende verpleegkundiges die MSG-model aktief in hulle daaglikse praktyk toepas of demonstreer en studente in die beoefening daarvan ondersteun. In omgewings waar eenheidsbestuurders, senior verpleegkundiges en opleiers deur hulle voorbeeld lei, meld studente dat hulle meer selfvertroue het en gemotiveerd en gewaardeer voel. Een student het gesê 'n kliniese fasiliteerde wat opregte empatie met pasiënte getoon het en procedures sonder haas verduidelik het, hulle bemagtig het om dieselfde te doen.

Daarteenoor het afwesige of taakgefokusde leierskap meegebring dat studente gesukkel het om MGS-beginsels in die praktyk toe te pas. Hulle het gemeld dat hulle 'n gebrek aan ondersteuning ervaar het en soms selfs ontmoedig gevoel het om betekenisvol met pasiënte om te gaan. Dit belig die deurslaggewende rol van leierskap in die skep van 'n leeromgewing waar mensgesentreerde waardes kan gedy.

### **Taal**

Talle studente wat aan die studie deelgeneem het, het probleme met mensgesentreerde sorg ervaar wanneer hulle nie doeltreffend met pasiënte, gesinne of personeel kon kommunikeer nie. Veral die gebruik van Afrikaans in gesondheidsorgdokumentasie en in gevalle waar oorhandiging van pasiënte mondelings plaasvind, skep stres én die potensiaal vir foute onder studente wat nie die taal magtig is nie. Een deelnemer het verduidelik hoe hulle dikwels tydens saalbesprekings uitgesluit gevoel het en nie in staat was om die besonderhede van pasiëntesorg te volg nie, wat hulle leer en hulle vermoë om met pasiënte om te gaan beïnvloed het.

Hierdie struikelblok is nie net 'n kwessie van taalvaardigheid nie, maar ook van billikheid en insluiting. Wanneer studente nie toegang tot inligting het of ten volle kan deelneem nie, word hulle vermoë benadeel om veilige, mensgesentreerde sorg te bied. Die aanpak van taalhindernisse is dus noodsaklik om ondersteunende leer- en sorgomgewings te skep.

## **Hiërargie**

Die studie het ook aan die lig gebring dat rigiede hiërargieë binne gesondheidsorgomgewings studenteleer én pasiëntesorg kan ondermyn. Studente het dikwels magteloos gevoel om voorspraak vir hulle pasiënte te doen of om praktyke wat nie mensgesentreerd was nie, te bevraagteken. Een student het 'n situasie beskryf waar hulle gesien het hoe 'n senior verpleegkundige 'n pasiënt se versoek vir pynmedikasie van die hand gewys het, maar te geïntimideer gevoel het om 'n mening te lug.

Die vrees vir vergelding of om as "moeilik" bestempel te word, het talle studente verhinder om hulle kommer te lug of voorstelle te maak. Sodanige dinamika kompromitteer nie net die studente-ervaring nie, maar het ook regstreekse gevolge vir die uitkoms van pasiënte. Die skep van 'n kultuur waar alle stemme gehoor word, insluitend dié van studente, is van kardinale belang vir die bevordering van mensgesentreerde sorg.

## **Stappe**

Die bevindings van my studie belig 'n gaping tussen wat ons in die klaskamer onderrig en wat studente in die praktyk ervaar. Verpleegkunde-kurrikulums plaas die klem toenemend op MGS, maar die realiteit in die praktyk vertel dikwels 'n ander storie. As ons die volgende generasie verpleegkundiges wil voorberei om deernisvolle, mensgesentreerde sorg te lewer, moet ons die sistemiese hindernisse aanpak wat dit vir hulle moeilik maak om dit te doen.

Sonder doelbewuste verandering loop ons die risiko om ontnugterde of uitgebrande gegradeerde met gebrekkige voorbereiding na die werksmag te stuur – en dít in 'n tyd wanneer gesondheidsorgstelsels dit die minste kan bekostig. Dit is belangrik om te besef dat die versuim om studente in die lewering van MGS te ondersteun nie net hulle ontwikkeling beïnvloed nie, maar ook die gehalte van pasiëntesorg.

Ons moet op die pad vorentoe verskeie stappe doen om hierdie gaping te oorbrug. Eerstens moet ons leierskapontwikkeling in gesondheidsorgomgewings versterk om te verseker dat verpleegkundiges op alle vlakke MGS verstaan en behandeling op dié model skoei. Dit sluit in die aanbieding van opleiding in leierskapsvaardighede, kommunikasie en mentorskap, sodat toesighoudende verpleegkundiges studente doeltreffend kan ondersteun en 'n standaard van sorg kan stel wat die pasiënt as 'n persoon prioritiseer.

Tweedens moet ons taalhindernisse aanpak deur meertalige hulpbronne te bevorder, tolkdienste te verbeter en inklusiewe kommunikasiepraktyke aan te moedig. Gesondheidsorginstellings moet die diversiteit van beide pasiënte en gesondheidsorgspanne erken en aktiewe stappe doen om te verseker dat alle lede doeltreffend en veilig kan kommunikeer.

Derdens moet ons skadelike hiërargieë afbreek deur 'n kultuur te skep waar studente veilig voel om te praat, te besin en sonder vrees vir oordeel of straf uit hulle ervarings te leer. Dit kan die skep van gestructureerde geleenthede behels waar studente terugvoer kan gee, asook die insluiting van nabetragsing in daagliks roetines en om te verseker dat opleiers en kliniese personeel hulleself vir leer en verbetering oopstel.

Deur in hierdie stappe te belê kan ons studente beter toerus om MSG-waardes te handhaaf en te verseker dat pasiënte as mense en nie net as gevalle gesien word nie. Op hierdie Internasionale Verpleegkundedag moet ons nie net verpleegkundiges vier nie, maar onsself ook daartoe verbind om

die toestande te skep wat hulle nodig het om te gedy. Om ons studente vandag te ondersteun beteken om die verpleegkundeberoep van môre te versterk.

\* **Amelia Grootboom-Nzesseu** is 'n kliniese dosent in die Departement Verpleeg- en Verloskunde aan die Universiteit Stellenbosch (US). Hierdie artikel is deels gegrond op haar onlangse meestersgraad in verpleegkunde-onderrig aan die US. Die menings wat uitgespreek word, is dié van die skrywer en weerspieël nie noodwendig dié van die US nie.